Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2024-04-03

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 7/2024

Welkom terug na ‘n welkome skoolvakansie. Die tweede kwartaal program word hierby ingesluit. ‘n Paar hoogtepunte hierdie komende kwartaal sluit in: die Veldskool vir Gr. 6-leerders; verskeie liga-, superrugby-, en interskolewedstryde vir ons rugby-, netbal-, tennis- en skaakspanne; Interklas- en ATKV redenaars; die Stulting Kunstefees; en die Eksamen vir al ons Gr. 4-7-leerders.

Die nuutverkose beheerliggaamslede in die Kougastreek sal ook op Donderdag 4 April beheerliggaamopleiding vanaf FEDSAS hier in die Stulting klubhuis ontvang. Dit is ook ‘n belangrike tyd vir Suid-Afrika aangesien die nasionale en plaaslike algemene verkiesing ook gehou gaan word. Neem asb. kennis dat die Nasionale Stemdag van 29 Mei ook ‘n skole vakansiedag is.

AKADEMIE

Nuwe personeellid: Ons verwelkom graag juf. Chrisandi Grewar by ons skool. Sy word die registeronderwyser vir die Gr. 6.4-klas. As gevolg van die nuwe aanstelling verander die klasroosters ook. Die nuwe klasroosters is reeds op alle klasgroepe versprei en aan alle leerders voorsien.

Ouer-onderwyservergaderings: Donderdag 4 April 2024 vanaf 17:30-19:00 in die skoolsaal. Gebruik asb. hierdie geleentheid om u kind se akademiese vordering met die personeel te kom bespreek. Ek wil ook ouers herinner dat u te enige tye afsprake kan maak om met personeel te vergader.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

Skooldrag: Die dra van winteruniform word vanaf Donderdag 2 Mei 2024 verpligtend. In die interim mag leerders volle somersdrag op warm dae en volle wintersdrag op koue dae skool toe aantrek.

Veldskool – Gr. 6: Ons leerders is verseker baie opgewonde oor die Veldskool. Ongelukkig, weens gure weer wat vir volgende week voorspel word, moes ons herskeduleer. Die nuwe datum is 17-19 April.

Eksamen – Gr. 4-7: Die eksamen begin op Donderdag 23 Mei vir al ons Gr. 7-leerders en op Dinsdag 28 Mei vir al ons Gr. 4-6-leerders. Die eksamen vir beide groepe sal eindig op 7 Junie.

KULTUUR

Interklas redenaars: Dit vind op Vrydag 12 April plaas.

ATKV redenaars: Die ATKV redenaars vind op 6 April by Hoërskool Framesby in PE plaas.

Stulting Kunstefees: Ons kunstefees vind in die week van 13 Mei plaas. Verskeie skole neem hieraan deel. Leerders ontvang eersdaags hul briewe met inligting rakende die verskillende kategorieë waaraan hulle kan deelneem.

SPORT

Buitemuurse aktiwiteite: Alle aktiwiteite, soos op die buitemuurse-rooster aangedui, begin op Maandag 8 April.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

Swem – Vlak 2-gala: Sloan Warner neem tussen 4-6 April in Oudtshoorn aan hierdie gala deel.

SA Kampioenskappe: Anru Germishuys het deelgeneem aan die S o/11 Gewigstoot tydens die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in Limpopo tussen 24 - 26 Maart. Anru verower ‘n Top 10 posisie tydens hierdie kampioenskappe. Welgedaan Anru!

Kouga Rugby: Die volgende seuns neem vanaf 18-20 April aan die OPPSRA o/13 Sub-unie toernooi deel: Juhan Venter, Alexander Botha en Evan Bokelman.

Skaak – Stulting Skaaktoernooi: Hierdie toernooi vind om 08:00 Saterdag 6 April in die skoolsaal plaas. Verskeie skole neem deel en waardevolle pryse kan in die verskillende afdelings gewen word.

Skaak: Die volgende leerders neem deel aan die “*Mayoral Cup”* op 13 April: o/9: Bendré Duvenage en RJ Vermaak, o/11: Caleb Bruton en Eli Fleurs en o/13: Handro Hickman.

Netbal: Die o/12 en o/13 Kouga netbalproewe vind Dinsdag 16 April by Laerskool Hankey plaas. Sterkte aan al die dogters wat gaan deelneem.

FONDSINSAMELING

Fondsinsameling: Elke leerder het ‘n voorafgenommerde lootjieboek ontvang. Die boekie het 20 kaartjies wat teen R 20 elk verkoop moet word (R 400) bevat. Waardevolle pryse kan gewen word wanneer die gelukkige trekking eersdaags plaasvind. Alle boekies en die R 400 moet nou aan die skool terugbesorg word.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Ons dank u by voorbaat vir die positiewe gesindheid teenoor hierdie projek. Die inkomste word gebruik om die skool se nuwe klubhuis asook belangrike instandhouding van ons voertuie te finansier.

Wonderlike geleentheid!

Opsoek na ‘n dinamiese SNOEPIE-eienaar vir ons skool!

Aandag alle kosliefhebbers! Ons is opsoek na 'n nuwe snoepie-eienaar vir ons skool! As jy lief is vir kos en die maak van lekkernye en daarvan hou om met leerders te werk en deel wil wees van ons skoolgemeenskap, doen nou aansoek!

Rig alle aansoeke of navrae aan: Die Skoolhoof @
Laerskool Stulting
E-pos: hoof@stulting.co.za

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF